

Publication: Burger,DieSaturday(Oos-Kaap) (Sport)
Publication Date: 24 Feb 2018
Page: 14

AVE: 15055.06
Circulation: 8756
Part: 1 of 1

# SA netballegende Lynette Ferreira vier haar groot mylpaal

**Annchen Nel**

'n Staatmaker wat diep spore in Suid-Afrikaanse netbal getrap het, het Woensdag haar 80ste verjaardag gevier.

Spelers, afrigters en administrateurs het verlede Saterdag in Pretoria saam met Lynette Ferreira feesgevier.

Ferreira was 'n oud-Springbok, keurder, skeidsregter, afrigter en administrateur.

Sy was grootliks verantwoordelik vir die bekendstelling van netbal by die destydse Normaalkollege Pretoria (NKP).

Sy het haar skoolopleiding in Thaba Nchu begin waar sy sub A en sub B in een jaar voltooi het. Sy was tot st. 8 (vandag gr. 10) in die Hoërskool Thabu Nchu, waarna sy na die Meisieskool Oranje in Bloemfontein is. Sy het matriek op 16-jarige ouderdom geslaag.

Sy het provinsiale skolenetbal gespeel en haar afrigter was Rita Oosthuizen, destyds 'n jong, geesdriftige onderwyseres. Oosthuizen sou later president van die Suid-Afrikaanse Vroue-netbalvereniging word (die destydse Netbal Suid-Afrika).

Ferreira het haar onderwysstudie in 1956 by die NKP begin.

In daardie jare is net korfbal in die Transvaal gespeel. Ferreira het as eerstejaarstudent die rektor toestemming gaan vra om 'n netbalklub te begin. Hy het sy seën gegee, maar gesê hulle sal geen geld van die kollege kry nie.

'n Paar spelers het met hul karige sakgeld balle en fluitjies gekoop, 'n baan gemerk en begin speel.

Die Afrikaanse Jeugorganisasie het intussen ook 'n klub in Pretoria op die been gebring en wedstryde is gereël.

Die Noord-Transvaalse Vrouenetbalvereniging het hieruit voortgespruit.

Verskeie skole het die NKP-spelers gevra om met afrigting te begin. Toe vat netbal vlam.

Ferreira het in 1963 die Springbok-span gehaal, wat aan die eerste Wêreldtoernooi in Engeland deelgeneem het. Sy was in 1967, 1970 en 1973 die SA kaptein.

Sy het intussen haar studies in liggaamlike opvoeding voltooi en 'n onderwyseres by die Hoërskool FH Odendaal in Pretoria geword. Sy het later by Tuks gewerk en in 1976 'n dosent by NKP geword.

In die tyd toe Suid-Afrika internasionale deelname verbied was, is jaarliks 'n Kay Meyer-span gekies, met Ferreira 'n instelling.

Ná haar speeldae was sy nie net 'n skeidsregter nie, maar het sy haar ook toegespits op afrigting, keuring, administrasie en het sy die eerste SA afrigtersvereniging op die been gebring.

Ferreira was vanaf 1979 'n lid van die uitvoerende komitee van die SA Vroue-netbalvereniging.

Noord-Transvaal was onder haar afrigting 'n krag in Suid-Afrikaanse netbal.

Sy is in 1976 vereer met die Staatspresident se sportmerietetoekenning vir Afrigter van die Jaar.

Ferreira het ook Springbokkleure verwerf in basketbal en sy was 'n afrigter van basketbalrolstoelspelers.



**Lede van die netbalgemeenskap het verlede Saterdag Lynette Ferreira (middel voor) se verjaardag in Pretoria gevier. Voor van links is René Odendaal, Ferreira en Louisa Schutte. Agter in die middel staan Christine du Preez, visepresident van Netbal Suid-Afrika (NSA), Cecilia Molokwane, die president, Carin Strauss, voormalige SA o.21-afrigter, Blanche de la Guerre, uitvoerende hoof van NSA, Portia Dimu, 'n voormalige speler, en Jenny van Dyk, afrigter van die Jaguars en Tuks. Heel agter links staan Des Kotzé, 'n voormalige Protea. Ferreira is 'n inwoner van die Kronendal-tehuis vir bejaardes in Pretoria.** Foto: VERSKAF

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.